

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2023

BESIGHEIDSTUDIES V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ’n nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Sizwe het 'n … leierskapstyl gebruik wanneer hy sy werknemers beloon vir die bereiking van hul teikens.

A transaksionele
B charismatiese
C outokratiese
D demokratiese

1.1.2 Die verkoop van 'n bate wat in waarde verhoog het sedert dit gekoop is, verwys na ...

A dividende.
B 'n prospektus.
C belasting.
D kapitaalwins.

1.1.3 'n Voorbeeld van langtermynversekering:

A Voertuigversekering
B Uittree-annuïteite
C Geld in transito
D Persoonlike aanspreeklikheid

1.1.4 Vinnige Handelaars het die …-tegniek toegepas toe hulle vraelyste aan 'n paneel kundiges versprei het om 'n oplossing vir hul besigheidsprobleem te vind.

A kragveld-ontledings-
B leë stoel
C nominale groep-
D Delphi-

1.1.5 Die korrekte prosedures om … te hanteer vereis dat 'n gegriefde werknemer die saak eers by sy/haar onmiddellike toesighouer moet aanmeld.

A konflik
B gedrag
C griewe
D moeilike werknemers

(5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

herversekering; onbillike; besluitelose persoon; herinbesitstelling; Kragveld-ontleding; RSA Kleinhandelspaareffekte; misleidende; vaste deposito; kundige; dinkskrum

1.2.1 Die stipulasie van … is van toepassing wanneer eiendomme oor-verseker is.

1.2.2 Linda belê haar geld in … omdat daar geen koste op hierdie beleggingsvorme betaalbaar is nie.

1.2.3 'n Voorbeeld van … advertensies word getoon wanneer 'n advertensie sekere dele van die bevolking uitsluit.

1.2.4 Grand Onderneming het die … probleemoplossingstegniek toegepas toe hy die voor- of nadele opgeweeg het voor die ontginning van gas in die Wildekus.

1.2.5 Njoli Handel het 'n … as 'n soort moeilike persoonlikheid hanteer, toe hulle in beheer gebly het en John deur alternatiewe gelei het.

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Skuldbrief	A vermoë van 'n individu om volgelinge te beïnvloed
1.3.2 Bybetaling	B alternatiewe word oorweeg voordat daar op die beste een besluit word
1.3.3 Bestuur	C ontwikkel en implementeer programme wat daarop gemik is om gemeenskappe te beskerm
1.3.4 Probleemoplossing	D bedrag wat die versekerde aan 'n ander persoon kan oordra
1.3.5 Aanspreeklikheid	E stel besigheid in staat om korttermynlenings van finansiële instellings te bekom
	F bedrag wat die versekerde moet betaal wanneer 'n eis ingedien word
	G vermoë om reëls op volgelinge af te dwing
	H stel besighede in staat om lenings van beleggers te bekom
	I gereelde kommunikasie tussen bestuur en belanghebbendes te ontwikkel
	J alternatiewe oplossings word gegenereer en krities geëvalueer

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ’n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ’n NUWE bladsy, VRAAG 3 op ’n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige VIER tipes beleggingsgeleenthede. (4)

2.2 Identifiseer die leierskapstyle wat Steven toegepas het om sy werknemers te bestuur in ELKE stelling hieronder:

2.2.1 Steven versoek werknemers om idees te deel wanneer belangrike besluite geneem moet word.

2.2.2 Hy gebruik sy persoonlikheid om werknemers te inspireer om meer te doen as wat normaalweg verwag word. (4)

2.3 Verduidelik die *situasionele leierskapsteorie*. (6)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KHULISA BEPERK (KB)

Khulisa Beperk bied verskillende soorte aandele aan aandeelhouers. Sommige aandeelhouers het aandele gekoop wat hulle in staat sal stel om vaste dividende te ontvang. Ander het aandele gekoop wat hulle toegelaat het om eers dividende te ontvang wanneer wins gemaak word. KB is op die Johannesburgse Sekuriteitsbeurs genoteer.

2.4.1 Identifiseer TWEE tipes aandele wat deur KB aangebied word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ’n RIGLYN om VRAAG 2.4.1 te beantwoord.

TIPES AANDELE	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

2.4.2 Verduidelik die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSB/JSE). (4)

2.5 Bespreek die voordele van effektetrusts as ’n beleggingsvorme (4)

Kopiereg voorbehou

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MOSES EIENDOMME (ME)

Moses Eiendomme het ŉ huis ter waarde van R600 000 gekoop, maar het dit vir R300 000 verseker. ŉ Brand het ŉ gedeelte van die huis ter waarde van R50 000 vernietig.

2.6.1 Noem die versekeringsklousule wat op die scenario hierbo van toepassing is. (2)

2.6.2 Bereken die bedrag wat Moses Eiendomme as vergoeding van die versekeraar sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.7 Stel situasies voor waarop die outokratiese leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word. (6)
[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige VIER voorbeelde van etiese sakepraktyke. (4)

3.2 Beskryf kortliks die verskil tussen *griewe* en *konflik.* (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KHAYA KABINETMAKERS (KK)

Khaya Kabinetmakers het die afgelope jare ŉ verlies aan winste ervaar. KK het werknemers versoek om hulself in kleiner groepe te verdeel en in stilte idees te genereer oor hoe die produk verbeter kan word. Werknemers word ook aangemoedig om kreatiewe denkvaardighede te gebruik om nuwe idees oor verhoging van winste te genereer.

3.3.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat deur Khaya Kabinetmakers gebruik was. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Bespreek maniere waarop besighede ŉ omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. (4)

3.4 Verduidelik die voordele van ŉ dinkskrum om komplekse sakeprobleme op te los. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MASIZAKHE BOERDERY-PROJEK (MBP)
Masizakhe Boerdery-projek bestaan uit 'n groep van vyf lede. Zuko bevraagteken altyd die idees van die ander groepslede wat konflik veroorsaak. Alle spanlede is egter bewus van die strategieë en doelwitte van die span.

3.5.1 Identifiseer TWEE stadiums van spanontwikkeling wat deur MBP ondervind is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.5.1 te beantwoord.

STADIUMS VAN SPANONTWIKKELING	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

3.5.2 Verduidelik enige EEN van die ander stadiums van spanontwikkeling. (3)

3.6 Bespreek die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

3.7 Stel maniere voor waarop besighede moeilike werknemers in die werkplek kan hanteer. (4)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word. (4)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Lungi het R150 000 by Kontant Bank oor 'n tydperk van twee jaar teen 12% saamgestelde rente per jaar belê.

4.2.1 Bereken die bedrag wat Lungi na twee jaar sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.3 Verduidelik die rol van persoonlike ingesteldheid in suksesvolle leierskap. (6)

4.4 Bespreek die impak van liassez-faire-/vryeteuels-leierskapstyl op besighede. (6)

Kopiereg voorbehou

BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem enige TWEE kriteria vir suksesvolle spanprestasie. (2)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KHULULA STAALVERVAARDIGING (KS)

Die bestuur van Khulula Staalvervaardiging het 'n oplossing aan 'n produksieprobleem verskaf deur eers die probleem te identifiseer. Die werknemers van KS was ook genader om 'n bydra te lewer tydens die probleemoplossingsproses. Daarna het KS alternatiewe oplossings vir hul probleem geïdentifiseer.

4.6.1 Haal TWEE probleemoplossingstappe uit die scenario hierbo aan. (2)

4.6.2 Beskryf enige TWEE ander probleemoplossingstappe. (6)

4.7. Verduidelik hoe prysbepalings van goedere in landelike gebiede as 'n tipe onetiese sakepraktyk uitdagings vir besighede inhou. (6)

4.8 Gee besighede raad oor die belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy of VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: VERSEKERING)

Besighede word elke dag met ŉ verskeidenheid van onsekerheid en risiko's gekonfronteer. Om hierdie rede neem besighede en individue versekering uit om die potensiële verliese te dek. Hulle moet goed ingelig wees oor die beginsels van versekering voordat hulle ŉ versekeringskontrak onderteken. Besighede moet bewus wees van verskillende tipes voordele wat deur die Werkloosheidsversekeringsfonds aan bydraers uitbetaal word.

Skryf ŉ opstel oor versekering waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *verpligte* en *nieverpligte* versekering.
- Verduidelik die belangrikheid van versekering vir besighede.
- Bespreek enige DRIE beginsels van versekering.
- Gee besighede raad oor die soorte voordele wat die Werkloosheidsversekeringsfonds kan uitbetaal. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (ETIEK EN PROFESSIONALISME)

Daar word van besighede verwag om hul bedrywighede op ŉ etiese en professionele wyse uit te voer. Onprofessionele sakepraktyke sal ŉ negatiewe impak op sakebedrywighede hê. Volgens die King Kode-beginsel is dit die wetlike plig van sleutelbelanghebbendes en die raad van direkteure om in goeder trou op te tree.

Skryf ŉ opstel oor etiek en professionalisme waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *etiese* en *professionele gedrag.*
- Verduidelik hoe die volgende tipes onprofessionele sakepraktyke uitdagings vir besighede kan inhou:
  - Seksuele teistering
  - Ongemagtigde gebruik van werksplekfondse en hulpbronne
  - Misbruik van werktyd
- Bespreek maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyke uitgevoer behoort te word.
- Gee besighede raad oor hoe hulle die King-kode-beginsel van *deursigtigheid* vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas om hul etiese sakepraktyke te verbeter. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou